AKADEMIE

INNOVASIE SENTRUM

Vanaf 2018 was die Innovasiesentrum ‘n droom vir die Lardie Legends en in 2024 het hierdie droom ‘n werklikheid geword. Die Innovasiesentrum skep ‘n ontspanne ruimte waar leerders kan leer en lees. Daar is ‘n verskeidenheid van boeke beskikbaar om ‘n liefde vir lees aan te wakker en leerders se lees- en studievermoë te verbeter.

Klem word gelê op die integrasie van verskeie leerareas soos Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese, Kuns en Wiskunde wat op ‘n praktiese manier aangebied word. Leerders word ook blootgestel aan die ontwerp van 3D voorwerpe op die Chromebooks en die uitdruk daarvan op die 3D drukker. Die reuse interaktiewe skerm skep die geleentheid vir onderwysers om inligting op ‘n kreatiewe wyse aan te bied, te stoor en te versprei vir verryking en intervensie. Leerders kan ook onafhanklik navorsing doen na skoolure. Ons streef om een van die tegnologies-gevorderdste skole in ons omgewing te wees.